View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DIE PRIMITIEWE RELIGIES EN DIE CHRISTENDOM IN AFRIKA

## A. Die primitiewe religies

### I. Inleiding

#### 1. *Die naam*

Dit is moeilik om 'n geskikte benaming te vind vir wat onder primitiewe religies verstaan word. Die woorde animisme, dinamisme of naturalisme bevredig nie meer vandag nie. Hoewel die woord primitief ook nie 'n baie gelukkige keuse is nie, gebruik ons dit omdat dit in die wetenskaplike spraakgebruik reeds burgerreg verkry het sonder dat, soos vroeër aangeneem is, hiermee te kenne gegee word dat hierdie soort religies aan ons die beeld van die oorspronklike religie van die mensheid vertoon.

#### 2. *Voorkoms in Afrika*

Die primitiewe religies in Afrika kom hoofsaaklik ten suide van die Sahara voor. Ten noorde daarvan is meer as 90% van die bevolking Moslems. Ongeveer 60% van die ongeveer 160 miljoen mense ten suide van die Sahara hang nog een of ander primitiewe religie aan, terwyl die Christene ongeveer 40 miljoen tel en die res hoofsaaklik Moslems is.

#### 3. *Die belangrikheid van die onderwerp*

Die belangrikheid van die studie van die primitiewe religies in Afrika blyk al dadelik uit die groot persentasie wat nog heidene is. Daarbenewens het die meeste Christene nog nie die heidense agtergrond heeltemal afgeskud nie, is daar baie sektes wat die heidendom met die Christendom gesinkretiseer het maar in wese heidens bly, en verder is daar veral sedert die nasionale ontwaking in Afrika posgevat het, 'n strewe merkbaar om weer na die ou heidense religies terug te keer alhoewel in gemoderniseerde vorms.

#### 4. *'n Eenvormige primitiewe religiositeit*

Hoewel die verskillende godsdienste onderling baie van mekaar verskil en selfs die van dieselfde etniese groep nie

altyd ooreenstem nie, is die primitiewe religiositeit van al hierdie godsdienste wesenlik gelyk. Ons sal ons egter hoofsaaklik beperk tot die Neger- en Bantoegodsdienste.

## II. Die ongedifferensieerde en totalitêre karakter

Die verskillende lewenskringe het nog nie by die primitiewe volke eie gestalte verkry nie. Die kultuur is nog ongedifferensieerd. Daarom is daar ook nie sprake van afsonderlike kategorieë van wetenskap, regspraak ens. as onderskeie funksiese en groothede nie. Alles word nog gesien in een samehang.

Die primitiewe religie het ook 'n totalitêre karakter. Dit orden die hele lewe. Die hele lewe met al sy terreine staan in die teken van die godsdiens. Die kultuur is ook godsdiens; die primitiewe ken nie soos ons die onderskeiding van natuurlik en bonatuurlik nie, en dit is vir hulle onbegryplik dat die blanke Christene 'n onchristelike kultuur, beskawing of wetenskap kan hê.

## III. Die Godsbegrip

### 1. *Voorvaderlike geeste*

Die opvallendste verskynsel in hierdie godsdienste is die godsdienstige betekenis van die voorvaderlike geeste en die godsdienstige gebruike in hierdie verband.

Die lewe eindig nie met die dood nie, maar word in 'n gewysigde vorm en manier voortgesit. Wat presies na die dood voortleef is moeilik om presies te omskryf. Dit is bepaald nie 'n gees of siel soos ons dit verstaan nie. Volgens Tempels bly die essensiële van die mens voortbestaan, dit is die mens self maar dan met verminderde lewenspotensie en tog terselfdertyd met hoëre, versterkende en skeppende krag. Dit is die ware mens (muntu) in die mens. (P. Tempels, Bantoe-Filosofie, pp. 27, 28, 35). In elke mens sit daar volgens die Baluba, nog 'n klein mens en dit is hierdie klein mens wat nog bly voortbestaan. Hierdie mens is die *muzimu* (algemeen Bantoe) *idlozi* (Zulu), *orindi* (Lugbara), *sunsum* (Twi.).

Dit is iets substansieels en kan deur sommige persone soos toordokters o.a. gesien word. In Sentraal-Afrika is daar in byna elke dorp miniatuurhuisies waarin die voorvaderlike geeste kan vertoef.

Die *bazimu* is nie heeltemal van die lewendes geskei nie,

want die stam is 'n eenheid wat uit die lewendes en die bazimu bestaan. Die bazimu is ook nog lede van die stam en hulle moet in alle belangrike sake of ondernemings geraadpleeg word. Hulle het egter net belang by hulle eie familie en hulle word alleen deur hulle eie familie geëer. Die bazimu van die opperhoof het egter belang by stamsake.

Vanweë hulle verhoogde lewenskrag kan hulle tot groot seën vir hulle familie asook vir die hele stam wees, maar hulle self is ook afhanklik van die eerbewyse, gebede en offerandes van hulle agterblywende familie.

As hulle verwaarloos word of as hulle nie geëer word nie of as daar antisosiale dade verrig word wat die familie of stamlewe in gevaar kan stel, straf hulle die lewendes met siekte of 'n ander onheil. Dan moet hulle met gebede en offerandes versoen word. Daar is ook meer gereelde offerandes. Hulle lewenskrag word deur hierdie offerandes en gebede aan die gang gehou en ook versterk. Daarsonder sou hulle nie kan voortbestaan nie. Só afhanklik is hulle hiervan.

Die lewendes se voortbestaan is ook van hulle afhanklik, want die lewe is onmoontlik as daar nie in elke kind wat gebore word die lewende krag van 'n voorvaderlike gees ingaan en werksaam is nie, en geen lewensoorgang kan plaasvind sonder hierdie werking nie. Aan die ander kant word die voortbestaan van die voorvaderlike geeste op hierdie wyse gewaarborg: hulle lewe weer in hulle familie. Dit is nie inkarnasie en ook nie transmigrasie van siele nie, want 'n oorledene kan in verskillende lewendes voortlewe.

Vanweë hierdie afhanklikheid van die lewendes is kinderloosheid die grootste ramp wat 'n huisgesin kan tref.

Hierdie onderlinge afhanklikheid van die voorvaderlike geeste en die lewendes is 'n karakteristieke kenmerk van die Bantoe- en Negergodsdienste.

Ten spyte van die afhanklikheid van die lewendes van hulle voorouers is die houding wat teenoor die bazimu ingeneem word ambivalent: hulle word eerder gevrees as geëer en tog word hulle soms op 'n baie familiêre en selfs spottende wyse toegespreek. 'n Mens kry die indruk dat die mense verkies dat die bazimu ver weg van hulle moet bly en dat hulle alleen noodgedwonge vir hulle offer. Hulle is lastig en is net daarop uit om die mense te pla. Tog is daar ook weer blyke van groot piëteitsgevoel teenoor hulle.

Hulle word egter nie aanbid nie. Daarom word soms daar-

voor gepleit om aan die voorouerdiens ook 'n plek in die Christendom te gee. Dit kan egter nie gebeur nie want, hoewel die aanbiddingselement ontbreek, is dit tog godsdiens. Daar word aan die bazimu mag toegeken wat alleen aan God toekom en daar word vir hulle geoffer en tot hulle gebid.

2. *Die Hoogste Wese*

By al die etniese groepe in Afrika is daar ook die geloof in 'n Hoogste Wese of Hoë God. Hy word gewoonlik gesien as Skepper en/of Lewenswekker. In die laaste geval word aangeneem dat alle dinge uit Hom voortgevloei het.

By sommige Wes-Afrikaanse stamme is daar tempels en priesters vir Hom, maar in die reël word aangeneem dat Hy so groot en ver verwyder is dat Hy Hom nie met die alledaagse lewe bemoei nie. Hy het vanweë een of ander oortreding van die mense hulle verlaat en nou word Hy alleen in tye van algemene nood soos algemene droogte en epidemies aangeroep en vir Hom geoffer. Dan moet die opperhoof namens die stam optree. By sommige stamme soos die Lovedu en die Swazi is daar egter geen aanduiding dat Hy vereer word nie.

Die Hoogste Wese het 'n *deus otiosus* en 'n *deus remotus* geword. Hy is die antesedent (G. v. d. Leeuw) of Urheber (Söderblom), wat die kosmiese orde vasgestel het en alles aan die gang gesit het, waarna Hy Hom onttrek het.

Maar dit is nie al wat van Hom gesê kan word nie. In mistieke sin is Hy tog weer altyd teenwoordig en oral. In spreekwoorde, raaisels, mites en legendes kom daar baie verwysinge na Hom voor, waaruit blyk 'n diep gevoel van sy deurdringende teenwoordigheid: „God is in die groot boomstam sowel as in die lae takke". „God is agter en Hy is ook voor". Hy is ook gedurig in die mense se gedagtes en in tye van diep deurleefde nood word soms 'n gebed tot Hom uit die hart gepers.

Desnieteenstaande is Hy, wat die praktiese lewe en die openbare godsdiens aangaan, in die reël op die agtergrond en word insake die alledaagse lewe staat gemaak op die hulp en seën van die voorvaderlike geeste, wat baie nader aan die mense staan.

Dit is nie duidelik of Hy gesien moet word as 'n persoon of as 'n mistieke krag nie. Hy het persoonlike trekke maar is nie 'n persoonlike God nie en soms is Hy meer 'n krag

as 'n persoon. Hy word soms gesien as die kosmiese orde wat in Hom saamgevat word.

Volgens dr. Ed. W. Smith is Hy vir die naturelle primêr krag — „die krag wat in alles bo en benede werk". Nie almal is seker dat Hy 'n persoonlike wese is nie. „Hy is die groot Uitdeler", sê die Ila, maar „Hy is ook die een wat gee en verrot" (Ideas of God, p. 27—29).

### 3. *Die natuurgode en geeste*

Die geloof aan natuurgode kom veral in Wes-Afrika voor. In Suidelike en die grootste gedeelte van Sentraal-Afrika is daar nie so 'n geloof nie. Wel is hier sprake van natuurgeeste, maar hulle word in die reël met voorvaderlike geeste geassosieer. Dit word ook aangeneem dat voorvaderlike geeste die gestalte van diere kan aanneem en sommige soorte diere word nou met die voorouers geassosieer.

In Wes-Afrika is daar groot panteons van gode met tempels en priesters vir die afsonderlike gode. Hier is dus sprake van politeïsme. Dit is nie duidelik of die gode gesien moet word as die verpersoonliking van natuurkragte en of voorvaderlike geeste met hulle geassosieer word nie, sodat die betrokke geeste en nie die natuurkragte self godsdienstig vereer word nie.

Jahn (a.w., p. 115) neem aan dat hulle oorspronklik besondere persone was wat later vergoddelik is. Dit wil egter voorkom of dit nie in al die gevalle so is nie. Hulle word soms meer gesien as natuurfenomene waarvan die geestelike krag vergoddelik word.

### 4. *Mana*

Benewens die geloof in die voorvaderlike geeste en gode en die Hoogste Wese is daar ook die geloof dat daar 'n geheimsinnige krag in alle dinge en lewende wesens is. Die volgende wat Levy Bruhl van die primitiewe religie in die algemeen sê, geld ook van al die primitiewe godsdienste in Afrika: „Die dinge is vir die primitiewe mens iets anders as vir ons, hulle het vir hom 'n eienskap wat ons nie beter kan aandui as met die woord ‚mistiek' nie" (vgl. L. Levy-Brühl, The „Soul" of the Primitive, p. 15—55).

Die primitiewe mens sien in die reën, son, bome, plante, diere, 'n besondere klip of 'n besondere gevormde berg of

koppie, in kleure, getalle, windstreke, mense, kortom in alle dinge, diere en mense rondom hom, iets geheimsinnigs, iets wat hom soms kan beangstig of wat hom weer met ander geleenthede met moed kan vervul. Daar is 'n geheimsinnige krag in alles.

Daar vind soms 'n sametrekking plaas van sodanige krag of mana, soos dit in die godsdienswetenskap genoem word. So het stamhoofde, dokters en towenaars baie meer mana as die gewone mense. So 'n saamtrekking is daar ook in die son, die maan, die aarde en in alle dinge wat 'n buitengewone karakter vertoon en ook en veral in die voorvaderlike geeste.

Tempels noem hierdie mana lewenskrag (Tempels, Bantoefilosofie, p. 27). Die wese van die dinge, mense en diere is krag, nie om krag te besit nie maar om krag te wees. Daar is onderskeid tussen die verskillende wesens of kragte maar wesenlik is al die kragte gelyk.

Die mana in die verskillende voorwerpe kan tot heil of onheil van die mens wees. In die reël egter kan dit alleen gebeur deur die werking van 'n persoonlike subjek ('n mens, 'n voorvadergees, gode, God). Dit doen die subjek veral deur sy woord (Jahn, a.w., p. 124—126). Dit is 'n verdere karakteristieke kenmerk van hierdie godsdienste: deur sy woord maak hy gebruik van die mana. So bedryf hy magie. Towenaars gebruik hulle besondere vermoë en hulle kennis van die managehalte van die dinge om onheil te bewerk, die gewone dokters doen dit egter tot heil van die mens.

'n Verdere karakteristieke kenmerk van hierdie godsdienste is dat rampe, onheile, siektes nie in die eerste plek toegeskryf word aan natuurlike oorsake nie maar aan 'n persoon of persone. Vir alle onheile moet daar 'n oorsaker wees, 'n persoon wat 'n lewende wese, 'n voorvaderlike gees of 'n godheid kan wees.

Die dokter moet die bose werking van die towenaar onskadelik maak. Hy probeer om deur die aanwending van kragtige mana op mense of dinge of die natuur in te werk, maar hy doen dit ook soms alleen deur te spreek. Hy vervloek die towenaar en dan *is* hy vervloek. Op mense word ook ingewerk op wat met hulleself geassosieer word en waarmee hulle soms in 'n sekere mate geïdentifiseer word, soos hulle skaduwee, hulle voetspore, naels, hare, persoonlike besittings. Ook genees hy mense deur die toormiddels uit hulle liggaam uit te tower.

5. *Die samehang*

Uit bostaande blyk dat die mens omring is van geestelike kragte en wesens. Daar is die voorvaderlike geeste, natuurgode, goeie en bose geeste in bome, diere, riviere ens. In alles is daar 'n geheimsinnige krag wat tot heil of onheil van die mens kan wees. Die mens verkeer voortdurend in gevaar. Sy wêreld is 'n gevaarlike wêreld.

Aan die ander kant voel hy homself een met die wêreld. Hy is opgeneem in 'n geheimsinnige totaliteit. Hierdie kosmiese gemeenskapsgevoel is volgens dr. J. H. Bavinck 'n kenmerk van die primitiewe religie. Ons sal dus nie 'n goeie begrip van die godsdienste in Afrika kry as ons ons beperk tot die betragting van net die geloof in voorvaderlike geeste, mana en die godheid en gode nie.

Die geheimsinnigheid wat die mens omring, is vir hom 'n tasbare werklikheid, 'n ervare werklikheid. Die dinge praat met hom. Hy hoor hulle stem. Die dinge lewe, die bome bewe, die hemel reën, die wind praat met die mens. Dit is soms vir hom of hy oral fluisteringe hoor. Die geheimsinnige hang soos 'n wasem om hom. Sy voorvaderlike geeste spreek tot hom in die gesuis van die wind, in die ligte trilling van die blare, in die kabbelende waterstroom, in die vallende waterval, en bo uit die hemel openbaar God Hom in die bliksem en donder, in die vallende ster, in die reën.

Daar is 'n totaliteit van geestelike kragte, 'n geestelike samehang van heelal, 'n wêreld van geestelike kragte waarin al die kragte in verband met mekaar staan en op mekaar inwerk. Al die kragte is van krag tot krag in relasie tot mekaar, sodat niks in hierdie wêreld van kragte beweeg sonder dat die res ook beweeg of beweeg kan word nie. Die kragtewêreld is soos 'n spinneweb waarvan, soos Tempels dit uitdruk, 'n mens nie 'n enkele draadjie kan laat tril sonder dat die hele web nie meetril nie. Al die kragte, sê hy, is aan mekaar verbind ooreenkomstig 'n hierargiese rangorde met God, die krag bo alle kragte boaan en dan direk onder Hom die voorvaderlike geeste, dan die lewende mense en op die laagste trap die diere, plante en minerale. Binne elkeen van hierdie krag-kategorieë is daar weer 'n verdere rangskikking ooreenkomstig lewenskrag of eersgeborenheid (Tempels, a.w., p. 30).

Alles saam vorm een totaliteitsgeheel waarin die kragte van krag tot krag onderskeie is maar wesenlik tog weer een

is; alles saam vorm 'n harmoniese eenheid en alles is in ewewig. Hierdie eenheid en ewewig kan egter verbreek word, dan ontstaan daar onheile, rampe, chaos. Daarom is die lewensdoel van die mens nie in die eerste plek gerig op die verering van godhede of geestelike kragte nie maar die handhawing van die bestaande kosmiese orde.

In daardie kosmiese orde het die mens 'n eie plek en staan hy in onlosmaaklike verband met die res. Hy kan alleen bestaan en lewe as hy in harmoniese relasie tot die geheel is, waarin alles wesenlik met hom verwant is. Daar is 'n sekere affiniteit tussen alle dinge, diere en mense. Alles is, soos Taylor sê, een en alles is hier en alles is nou en alles word gedra deur 'n onderliggende goddelike beginsels wat die eenheid van die dinge kreëer (J. V. Taylor, The Primal Vision, p. 72—73).

Die gevoel van 'n soort persoonlike totaliteit van al die bestaande, van 'n mensheid wat die lewendes, die dooies en die godheid of gode omvat staan op die agtergrond van hierdie godsdienste, maar op die voorgrond word hierdie solidariteit van die geheel bepaal en direk ervaar in die eenheid en lewe van die familie, die sib, die stam. „This living chain of humanity in which the tides of world-energy ebb and flow most strongly, stands at the heart of the great totality of being and bears the secret of creating" (Taylor, a.w., p. 99).

Eers in die regte samehang en verband met die geheel is die mens 'n mens. Daarin bestaan die ware menslike van die mens. Hy bestaan nie omdat hy dink nie maar omdat en in soverre hy partisipeer. Sonder en buite hierdie verband is die individu 'n abstrakte grootheid. Die mens as konkrete mens is 'n familie. In daardie eenheid van lewendes en voorvaderlike geeste is daar, soos C. Young in „African ways and wisdom" (p. 44) sê, nie behoefte aan 'n transendente God nie, want daarin is die voorvaderlike geeste die „Elder Statesmen".

In die stamlewe word 'n weerspieëling van die kosmiese orde gesien, en is die stamhoofde die simbool van die stameenheid. Die opperhoof is soms 'n heilige koning (by Ashanti bv.) wat deur die getroue nakoming van die rituele voorskrifte, deur sy lewe die voortbestaan van die kosmos en die handhawing van die kosmiese orde waarborg. Modjadji, die reënkoningin van die Lovedu, is primêr nie die regeerder van die stam nie maar 'n reënmaker. Sy laat die seisoene mekaar opvolg en waarborg hulle sikliese reëlmatigheid. As sy sterf

is die seisoene ontwrig en dan is droogte onvermydelik. Selfs haar emosies het 'n invloed op die reën.

Die mens partisipeer in die dinge en die goddelike, maar die voorvaderlike geeste partisipeer ook in die lewe van die lewendes asook in die dinge. Hulle kan selfs natuurgeeste of gode word. Dan word hulle geïdentifiseer met die natuurelemente en kragte. Daar is soms die gevoel dat hulle oral is.

„Those who are dead are never gone,
they are there in the thickening shadow.
The dead are not under the earth:
they are in the tree that rustles,
they are in the wood that groans,
they are in the water that runs,
they are in the water that sleeps,
they are in the hut, they are in the crowd,
the dead are not dead" (Birago Diop, die digter van Mali).

Dit wil dus voorkom of die menslike faktor ten grondslag lê aan die kosmiese eenheid. Aan die ander kant kry 'n mens soms die indruk dat aangeneem word dat daar 'n universele krag is waardeur alle kragte tot 'n eenheid saamgebind is. Volgens Jahn is alle krag die beliggaming van een universele krag. Hierdie universele krag verskyn nooit apart van sy manifestasies nie en dit druk nie uit die uitwerking van die verskillende kragte nie maar hulle wesenlike bestaan (J. Jahn, „Muntu", p. 83).

Wat is hierdie universele krag? Is dit God wat in alles is? Dit wil soms voorkom of aangeneem word dat dit God is. Hy self verteenwoordig ook die kosmiese orde. Hy is die weerspieëling van die kosmiese kragte. Hy word soms voorgestel as 'n tweevoudige ambivalente wese waarin die totaliteit van die kosmos saamgevat word.

So word die aarde-godin in Wes-Afrika gesien as die teenoorgestelde beginsel of as die eggenote van die Hemelgod. Sy is die groot Moeder en ook die ontvanger van die dooies. In Ashanti is daar die tweevoudige God, Son—Maan. By die Venda in Suid-Afrika is Raluvhimba die hemelgod en Mwari die God van die aarde. In die primitiewe wêreld word die hemelgod gewoonlik geassosieer met die hemelvoël, die neushoringvoël of met die arend (luvhimba by die Venda) en die aarde en die aarde-godin met die slang of krokodil. Die tweevoudige god, wat die heelal beheers en vervul, is die diepste oorsaak van al wat is.

Die vraag waarom dit insake die voorafgaande gaan is wat die mens met God gemaak het. Aan die een kant neem die voorvaderlike geeste die plek van God in en word hulle soms vergoddelik, aan die ander kant is daar die natuur met sy misterieuse kragte wat soms as goddelik ervaar word. God is in dit alles, maar in die eerste geval word Hy vermenslik en in die laaste geval gekosmiseer.

Hierdie twee aspekte sluit mekaar nie as alternatiewe uit nie maar gaan gewoonlik saam. By die Bantoes staan die voorvaderlike geeste meer op die voorgrond, maar die kosmiese aspek is nie uitgesluit nie.

Oor die geheel-eenheid welf daar die vae besef van die Hoë God as 'n verre gestalte wat alleen in tye van groot nood aangeroep word.

'n Mens kry die indruk dat die Afrika-mens steeds die lewende God die rug toekeer maar hy bly die magtelose indruk van en herinnering aan Hom in sy binneste saamdra terwyl sy eintlike vertroue na die kosmos verplaas is (Rom. 1 : 25), en dan is daar net die twee moontlikhede: òf die voorouers òf die kosmiese kragte en gestaltes. In albei kom die mens eintlik tot selfvergoddeliking en word God verkreatuurlik. Dit word nie altyd so uitgespreek nie, maar dit is tog die agtergrond van hierdie godsdienste.

## IV. Die godsdiens en die mens

'n Mens kan nie oor God spreek nie of jy spreek ook oor die mens, en ook omgekeerd, mens kan nie oor die mens in diepe sin spreek nie of jy spreek oor God. Niemand kan homself betrag of hy rig, soos Calvyn sê, terstond sy sinne tot die aanskouing van God in wie hy lewe en hom beweeg. Dit is so omdat die mens die beelddraer van God is, en die mens kan dus nie iets oor die beeld sê sonder om iets oor God te sê wat in die beeld afgebeeld is nie (vgl. J. Calvyn, Institusie I, 1,1).

Ons wil nou baie kortliks die hoofelemente van die mensbeeld in hierdie godsdienste aandui, om dan insake die primitiewe godsdienste af te sluit met enkele woorde oor wat die mense onder verlossing verstaan.

### 1. *Die mens en die heelal*

Die mensbeeld van die godsdienste kan alleen begryp word

as dit in verband met die voorafgaande beskou word. Aangesien die mens alleen dan waarlik mens is wanneer hy in harmoniese verband in die geheel van die kosmiese samehang opgeneem is, en terwyl hy daarin ten spyte van sy onderskeidende kenmerke tog nie wesenlik met die ander lewenskragte, waarmee hy in samehang is en waarin hy partisipeer, verskil nie, kom die mens-wees van die mens nie heeltemal tot sy reg nie. Die mens as individu met 'n eie persoonlikheid, die mens as denkende objektiverende mens, die mens as persoon met 'n eie taak, roeping en verantwoordelikheid staan nie op die voorgrond nie en kom nie tot volle ontwikkeling nie, met die gevolg dat die ek-u-verhouding tussen mense sowel as tussen God en die mens in 'n groot mate nie 'n lewende werklikheid word nie. 'n Persoonlike gemeenskap van die mense onderling wat wesenlik kragte is en met God wat ook meer 'n krag as persoon is, is nie moontlik nie.

Vanweë hierdie insluiting in die samehang van die geheel en vanweë die kragkarakter in die wesenlike van die mens in die samehang en verband, kan die mens ook nie heeltemal objektief teenoor die werklikheid van die dinge staan nie en is hy nie in die eerste plek daarop uit om die natuur te eksploiteer nie, maar die hoofsaak vir hom is om in die regte verhouding te wees, om in die objekte te partisipeer.

Die kosmologiese siening beïnvloed ook die etiese opvattinge. Die summum bonum is om in harmonie met die menslike gemeenskap en die kosmiese orde te bly. Daarom is sonde alleen dit wat die orde in gevaar stel, en daarom word die eintlike boosheid gesien in die towenary van die towenaar, wat hierdie orde wil ontwrig en uit balans laat geraak.

Wat die mens se eie lewe betref is sy lewensdoel gerig op die bewaring en versterking van sy lewenskrag.

Die lewenskrag, wat die wesenlike van die mens is, kan deur die inwerkinge van ander kragte verswak en selfs kragteloos gemaak word. Dit vind ook plaas wanneer die mens deur 'n verkeerde daad die sosiale en kosmiese orde in gevaar stel. Daarom is die bewaring en versterking van sy lewenskrag so belangrik. In dit alles gaan dit om die eie ek alleen. Sy etiek is dus in hoë mate utilitaristies en eudemonisties.

Die ewewigsgedagte bring mee dat goed en kwaad in die kosmos en die mensheid ook in ewewig gehou moet word. Die boosheid moet nie die oorhand kry nie maar die goedheid ook nie. Die twee moet in die geheel in ewewig bly. Dan is daar

harmonie en orde. Die mens moet ook nie die ene goedheid wees nie. Dan is hy net so abnormaal as 'n mens wat radikaal boos is.

Hieruit volg dat daar in hierdie kosmiese monisme nie sprake kan wees van absolute waarheid of leuens nie. Daar is geen obsolute God of goed of kwaad nie. Alles is relatief. Relativisme is 'n besondere kenmerk van hierdie soort godsdienste.

2. *Die mens en die gemeenskap*

In die geheelverband het die mens sy plek maar hy is in die eerste plek mens as lid van sy gemeenskap. Sy vitaliteit, sy psigiese veiligheid, die menslikheid van die mens self hang af van sy integrasie in die familie, die sib, die stam. Deur hierdie opname word hy mens *gemaak*. Dit geskied deur die verskillende oorgangsritusse van die geboorte af tot die dood. Daardeur word die individu in die lewende menslike organisme van lewendes en voorvaderlike geeste ingeënt, maar dit kan nie gebeur sonder die medewerking van die voorvaderlike geeste nie.

Hy kan nie tot seksuele rypheid sonder hierdie ritusse kom nie. Om dit te simboliseer en te verwerklik vind daar soms met die puberteitsoorgang seksuele gemeenskap in die stamskole van die Bantoes en 'n vrugbaarheidsdans in die Domba-skool van die Venda plaas.

In hierdie gemeenskap is die mens so verbind dat die individuele inisiatief taamlik lamgelê word. Hy moet in alles konformeer aan die tradisionele patroon. Alles word vir hom voorgeskryf en die tradisie, wat alreeds in die oertyd vasgelê is, is onveranderlik. Alleen in en teenoor hierdie gemeenskap het hy verantwoordelikhede en verpligtinge.

Hierdie eenheid en gebondenheid kom veral tot uitdrukking wanneer geoffer word. Dan word die solidariteit tussen die lewendes en tussen hulle en die bazimu versterk en herstel deur die gesamentlike maaltyd, wanneer die patroon van onderlinge afhanklikheid gesimboliseer en bekragtig word deur die manier waarop voedsel deur een huisgesin voorsien word en onder die ander verdeel word. Die solidariteit word herstel en bevorder deur die erkenning en aanvaarding van die onderlinge verpligtinge teenoor mekaar en teenoor die bazimu deur die verdeling van voedsel ooreenkomstig die

reëls van verwantskap. Wanneer 'n bees geoffer word, word die vleis onder die familielede ooreenkomstig 'n vaste plan verdeel en elke stuk vleis dui die besondere posisie aan van die ontvanger en sy verpligtinge wat daarmee saamgaan. „Since every bull or ox is destined ultimately for sacrifice, each one demonstrates potentially the ordered relationships of the sacrificing group, the members of which are indeed put together in each beast and presented in their precise relation to each other or in the meat which it provides" (G. Lienhardt in „Divinity and Experience", pp. 23, 24).

### V. Verlossing

Die primitiewe volke van Afrika ken nie die Christelike begrip van verlossing nie. Hulle het geen besef daarvan dat hulle van hulle sondes verlos moet word nie en dat daar vir die volk van God 'n ewige saligheid weggelê is nie. Die lewe eindig wel nie met die dood nie maar die bazimu is ook nie onsterflik nie. Hulle is ook nie beter mense nie maar behou hulle besondere karaktertrekke wat hulle op aarde gehad het. Hulle verkies die menslike lewe op aarde bo hulle skaduagtige bestaan.

Die hoogste waarop die mens durf hoop is om in hierdie lewe in harmonie met sy gemeenskap en die ganse kosmiese orde te leef. Dan is hy tevrede en gelukkig. Soms oorweldig die begeerte hom om in die kosmiese totaliteit opgeneem te word en in die roes van die dans en ekstase is dit vir hom of hy daarmee geheel en al een geword het. Dan is hy bo die gewone lewe verhewe, waarin alles in ewewig is en gehou moet word. Dan is hy opgehef bo die sedelike orde van goed en kwaad en verval hy tot onsedelike uiterstes.

Sy hele lewe is daarop gerig om sy eie lewenskrag te bewaar en te versterk. Solank hy nie sodanige anti-sosiale dade verrig dat hy daardeur uit die stamverband uitgestoot word nie, is hy verseker van 'n voortbestaan na die dood en is daar die moontlikheid dat sy lewe weer in sy familie voortgesit kan word.

Aangesien die kosmiese orde vir altyd vasgelê is en feitlik onveranderlik is, is daar geen verwagting van 'n beter toekoms nie. Dit bly alles maar dieselfde. Die wêreldgebeure beweeg in 'n vaste sikliese gang en alles eindig maar weer waar dit begin het om opnuut weer dieselfde gang deur te gaan:

„Tyd is 'n groot rivier wat na sy eie oorsprong in 'n groot sirkel terugvloei".

Volgens Vusamazulu C. Mutwa is die oudste simbool van Tyd of Lewe 'n mamba of luislang wat sy eie stert vasbyt (V. C. Mutwa, a.w., p. 478).

Omdat alles dieselfde bly, is daar geen toekomsideale waarvoor opgeoffer word nie, en daar is in die reël geen strewe na vooruitgang en verbetering van die lewensomstandighede nie. Die hoogste wat bereik kan word is om te verhoed dat die kosmiese orde weer tot chaos verval. Die mens moet ook 'n hand bysit om die oorgang na die nuwe jaar te help verwesenlik, sodat chaos nie die oorhand kry nie.

## B. Die primitiewe godsdienste en die Christendom

### 1. *Die verdringing en vervanging van God*

Die verkondiging van God as die transendente Here wat oor alles regeer het oral in Afrika ingang gevind. Ten noorde van die Sahara het die primitiewe volke Moslems geword wat alleen Allah as die enige God erken, en ten suide van die Sahara was die uitbreiding van die Christendom veral sedert 1914 selfs fenomenaal en uitsonderlik in vergelyking met die uitbreiding onder nie-Christelike volke van ander kontinente. Selfs baie heidene heg vandag ook geloof aan die een transendente God en al die sinkretistiese bewegings en Sionistiese sektes gaan ook uit van die gedagte dat daar net een ware God is.

Hierdie gedagte het ingang op so 'n groot skaal gevind veral omdat daar by die heidene altyd 'n vae besef was dat God bestaan, hoewel Hy 'n *deus remotus et otiosus* geword het. Maar nou het as gevolg van die Christelike verkondiging die waarheid waaromtrent hulle altyd 'n vermoede gehad het, tot hulle deurgedring as 'n lewende werklikheid. Hierdie vae besef van die bestaan van God is die gevolg van die werking van die algemene openbaring van God, en daarin lê ook opgesluit reste van 'n vroeëre monoteïstiese geloof. God het Hom nie aan die heidene onbetuig gelaat nie en Hy was reeds onder hulle werksaam voordat daar sprake was van 'n Christelike verkondiging onder hulle. „Die onsigbare dinge van God", sê Paulus, „kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy krag en godde-

likheid" (Rom. 1 : 20), maar die heidene het, „alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank nie, maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge en hulle onverstandige hart is verduister" (vs. 21). „Hulle het die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere" (vs. 23). „Hulle het die waarheid van God verruil vir die leuen en die skepsel gedien en geëer bo die Skepper wat geprys moet word in ewigheid" (vs. 25).

Hulle het dus in antwoord op die spreek van God, as reaksie daarop die waarheid van die bestaan van God, soos dr. J. H. Bavinck dit uitdruk, weggedruk in hulle onderbewussyn, waaruit dit soms tevoorskyn kom en dan maar weer daarin veilig gebêre word. Die mens wil God op 'n afstand hou, hy ontvlug God. Hy wil God nie te naby hom hê nie. God word die *deus remotus et otiosus*. Maar daardeur ontstaan daar 'n leegte, 'n vakuum in die lewe wat weer opgevul moet word. Daarom vervang die mens God met die leuen van voorvaderlike geeste, natuurgode, magie. Hierin kom dit egter neer op die vergoddeliking van die mens self (vgl. J. H. Bavinck, Religieus Besef en Christelijk Geloof, p. 163—191).

Die Christelike prediking kan nie by hierdie leuen van die heidendom aansluit om daarop verder voort te bou nie. Volgens dr. J. H. Bavinck kan daar alleen sprake wees van aansluiting by wat God self deur sy algemene openbaring tot die mens gespreek het en nog spreek, en verder is daar 'n aanknopingspunt in die geestelike nood van die heidense mens. Daar moet egter ook 'n aansluiting by die antwoord van die mens wees, maar dit is aansluiting by wyse van antitese wat, soos Warneck sê, die brug van die kommunikasie moet vorm. Daar is heidense gedagtes en gebruike wat geheel en al verwerp moet word, daar is egter ook ander wat wedergebore kan word en deur Christus in besit geneem kan word.

### 2. *Godsdiens en die lewe word van mekaar geskei*

Daar is in die verlede in die eerste plek aangeknoop by die vae besef van die bestaan van God. Die ontdekking dat die vae en verwyderde Skepper die middelpunt en fokus is van elke moment van al die bestaande, dat Hy oor alles regeer,

is vir die heiden wat gelowig geword het só katastrofies dat dit 'n tyd lank alle ander waarhede van die Evangelie oorskadu. Hy hoor nou wie hierdie God is van wie Hy 'n vae vermoede gehad het, dat Hy die God is wat Hy steeds opsy wou skuif en aangaande wie Hy tog soms vaagweg besef het dat Hy so 'n God moet wees.

Hierdie nuwe geloof in die transendente God asook die inwerking van die tegniese beskawing, wetenskap en vooruitstrewe van die Weste veroorsaak rewolusionêre veranderinge in Afrika. Die mens word bevry van die verskillende bande waardeur hy verkneg was. Daar ontstaan 'n strewe na vooruitgang asook toekomsideale van gelukkige vrygeworde nasies. Die lewe word gesekulariseer, maar dit ontaard ook in 'n materialistiese sekularisme, 'n toekoms van 'n aardse koninkryk word verwag wat wesenlik nie verskil van die verlede nie. Dit bly maar nog 'n kringloop wat moontlik kan eindig in 'n gelukkige aardse toekoms.

Hierdie materialistiese tendens word in die hand gewerk omdat, hoewel God as transendente God verkondig is en in sekere mate ook as sodanige aanvaar is, Hy self buite die eintlike lewe van die naturel bly. Hy bly die verwyderde God. Sy nabyheid kan nie verdra word nie.

Hierdie houding word bevorder deur die Westerse voorbeeld en is in die verlede ook in die hand gewerk deur 'n verkeerde soort prediking en benadering van die heidendom. Wat die laaste betref is die Evangelie, waar dit nie versmal is tot 'n piëtistiese sieleheil nie, veral onder die invloed van Livingstone in 'n groot mate geassosieer met die Westerse beskawing. 'n Christen is hy wat ook die Westerse beskawing en kultuur deelagtig is. Verder is die prediking, die onderrig sowel as die liturgie, geskoei op die lees van die Westerse Christendom. Die gevolg was dat die Christendom grotendeels buite die eintlike lewe van die Afrika-naturel te staan gekom het. Die sogenaamde Christelike Westerse beskawing het intussen al meer 'n nie-Christelike karakter aangeneem en die godsdiens is geskei van die lewe, met die gevolg dat die Christelike godsdiens ook in die Afrika-lewe geskei is van die kultuur en die alledaagse lewe met sy baie probleme.

### 3. *Die heidense agtergrond ook by die Christene*

Daarmee is godsdiens en die lewe egter nog nie vir die

naturel self geskei geraak nie, maar dit het daarop neergekom dat sy godsdiens vir die gewone lewe sy geloof in voorvaderlike geeste, gode en magie gebly het. Sy wêreld is 'n wêreld van geestelike kragte, en nou dat God hoofsaaklik as die transendente God gesien is en die godsdiens van die lewe geskei word, vorm die ou heidense opvattinge oor God as die verwyderde God nog die agtergrond van die lewe van baie Christene, en baie gaan derhalwe vir hulle alledaagse probleme en moeilikhede na hulle voorvaderlike geeste of/en hulle neem hulle toevlug tot magiese praktyke. Baie Christene het twee godsdienste. Waar die God van die Bybel nie help nie, moet die geeste en magie die nodige hulp bied. Baie Christene is hopeloos verward omdat die Christelike geloof nooit ten volle in hulle denkwyse en benadering van die lewe geïntegreer is nie. Selfs die lojaalste kerklike leiers in Afrika is bekommerd oor hierdie verskynsel. Dr. Busia bv., een van die belangrikste nie-teoloë in die kerk in Afrika, beskrywe die kerke as vreemde instellings in Ghana. G. C. Baeta, wat voorsitter van die Internasionale Sendingraad was en 'n invloedryke kerkleier in Afrika is, toon aan dat die taak van die sending is om te help om 'n ware Afrika-Christendom op te bou, en dr. Busia sê dat kunsmatigheid en oppervlakkigheid in die kerk in Afrika alleen oorwin kan word „if it comes to grips with traditional practices, and with the world view that these beliefs and practices imply" (aangehaal deur G. C. Oosthuyzen in sy artikel „The Church among African Forces" in „Practical Anthropology", Julie—Aug. 1964).

By die Sionistiese en profeties-messiaanse sektes waarvan daar honderde in Afrika is, is daar wel die geloof in die transendente God, die enige ware God, maar verder is die godsdiens van die meeste van hierdie sektes heeltemal heidens met 'n vernis van enkele Christelike vorms daardeur heen gevleg. Die primitiewe religiositeit bly nog steeds die agtergrond in hierdie bewegings.

Die Christelike erediens gee aan die naturel die indruk van vreemdheid; dit is die godsdiens van die blankes, so word gesê. Die naturel sien in die erediens 'n middel waardeur die mens opgehef word bo die alledaagse sorge en moeilikhede en oorgeplaas word in 'n geestelike atmosfeer met sterk geestelike kragte, en die Woordbediening is vir hom nie die verklaring en toepassing van die Woord van God nie, maar dit is net soos die sang 'n middel waardeur God nader gebring

word en die mens geestelik versterk word. Dit is ook nog die beskouing van baie Christene en ook predikers.

4. *Herlewing van die heidendom*

Met die nasionale ontwaking in Afrika ontstaan daar nou, as reaksie teen die Christendom en die kolonialisme van die verlede en alles wat blank is, maar hier en daar ook as 'n geestelike antwoord op die huidige ontwrigte situasie van eensaamwordende mense, 'n nuwe belangstelling in die ou heidense godsdienste en word dit in verskillende geskrifte gepropageer en word daar ook probeer om daarvoor 'n filosofiese basis te vind. So het daar so pas „Indaba my Children" van Vusamazula C. Mutwa verskyn, waarin hy die heidense godsdiens propageer. Volgens hom is die godsdiens van sy vaderland groter en edeler as die Christendom of die Islam. Hierdie godsdiens sou meer waaragtig op die „Liefde vir die naaste" en „sien lewe en laat lewe" gebaseer wees as al die ander godsdienste onder die son. Die ou godsdienste kom hier en daar tot nuwe lewe. Die ou gode is nog nie dood nie. Die jaarlikse fees vir die riviergod Benya in Elmina trek nog tot tien duisend mense en vir die broodwortel (yam)-fees minstens veertig duisend.

Godsdienstige simbolisme word soms vir politieke doeleindes gebruik. Daarin het die Volksparty van Nkrumah baie sukses behaal, sodat hy as 'n god vereer word. Ook het Kenyatta eers met die Mau Mau-beweging sukses behaal toe hy daaraan heidense simbolisme ten grondslag gelê het.

(In 'n sekere mate is baie van die sinkretistiese sektes ook poginge om die godsdienstige leegte, wat as gevolg van die ontwrigting ontstaan, op te vul).

5. *Die benadering van die heidendom en die heiden*

Hoe moet die heidendom en die primitiewe religiositeit, wat nog in so baie se lewe die geestelike agtergrond vorm, benader word en hoe moet die Woord van God verkondig word sodat die naturel begryp waaroor dit gaan en die Christelike waarheid eie vir hom word en nie meer deur hom as 'n blanke produk gesien word nie?

Die erediens kan, wat die vorm aangaan, wel 'n eie karakter dra maar dis nie die hoofsaak nie. Op die voorgrond moet gestel word die verkondiging van die Woord van God en

die toepassing daarvan in die naturellelewe.

(a) *God, die Transendente Skepper*

Dit kan nie veroordeel word dat in die eerste plek by die vae besef van die bestaan van God aangeknoop word nie. Dit is wenslik dat dit gedoen word, maar dan moet dit by wyse van antitese gebeur. God moet verkondig word as die transendente Skepper wat nie gekosmiseer kan of mag word of op enige wyse met sy skepping of skepsels gelyk gestel mag word nie. Hoewel Hy die alomteenwoordige God is, is Hy nie in die kosmos opgesluit nie, maar regeer Hy oor alles.

Hy is ook die Herskepper van alles wat Hy geskape het. Dit gaan om die verlossing van die wêreld en die mensheid. Hy skep om alles tot die volheid van die herskepping te bring. Daarvoor is Hy nie net God oor die natuur nie maar ook God van die geskiedenis, wat alles beplan volgens sy raad om alles te bring tot die bestemming van alles.

In hierdie verband moet teenoor die kosmies-totalitêre en klassifikatoriese denke van die heiden, soos ons in „'n Banier van die Volke" voorgestel het, die gang van die openbaring van die raamwerk van die wêreldbeskouing vorm. God is die God van die geskiedenis wat nie alles in 'n kringloop laat verloop nie, maar wat steeds nuwe vergesigte van 'n nuwe toekoms open en ook konkreet verwerklik, totdat Hy uiteindelik 'n gans nuwe hemel en aarde in die lewe roep.

(b) *Die Verbondsgod*

Omdat God vir baie Christene egter net 'n transendente God bly, al word Hy Vader genoem, moet Hy in die tweede plek as die God van nabyheid verkondig word, wie se transendente almag nie in die eerste plek ruimtelik gesien moet word nie, maar kwalitatief as die almagtige wat so groot en heerlik is dat Hy sy eie Seun vir die verlossing van die mensheid gee en Hy deur Hom die lewe verwek waar die dood geheers het.

Hy moet verkondig word as die Verbondsgod wat by sy volk woon, God wat, soos veral in die Ou Testament uitgebeeld word, al nader aankom om uiteindelik in Christus onder die mense te woon. Hierdie waarheid is van groot betekenis vir die mens van Afrika wie se wêreld 'n wêreld is van die aanwesigheid van goddelike geheimsinnige kragte

wat vir hom tot seën of onheil kan wees. Christus moet verkondig word as Immanuel in wie God tot die mens kom, om gemeenskap met hom te maak, 'n gemeenskap wat nie net bestaan in die aanvaarding en vervulling van verpligtinge en verantwoordelikhede teenoor Hom en die naaste nie, maar 'n gemeenskap van 'n verbond van God met mense wat in Christus is en so in gemeenskap met Hom is, 'n gemeenskap waarvan die fondament die liefde is en 'n Verbondshoof wat steeds aanwesig is vir die mens, die Here wat die mens wil ontmoet in 'n ware ontmoeting van innige gemeenskap.

(c) *Christus as die tweede Adam*

In die derde plek moet, waar die Afrika-mens so ingebed is in sy gemeenskap, God as die Verbondsgod verkondig word wat die nuwe mensheid as 'n organiese geheel in die verbond insluit deur die inenting in Christus, wat die Verbondshoof en tweede Adam, die nuwe Hoof van die nuwe mensheid is. Dit is 'n gemeenskap wat wyer strek as die stam, dit is die nuwe mensheid uit alle volke en dit is 'n mensheid wat verder agtertoe asook vorentoe strek as die stamverwantskap, want „voor Abraham was Ek reeds daar", sê Christus. Dit is 'n mensheid met 'n goddelike begin en voleinding. Oor die verkondiging van Christus as die tweede Adam sê Taylor in sy „Primal Vision" baie mooi dinge, maar hy gaan soms te ver in sy aanpassing van Christus as mens. Christus in sy heerlikheid, Christus as die Seun van God word soms verwaarloos en die aksent val te veel op die soek van die mens van God. Daar is 'n ambivalente houding by die mens: enersyds wil dit voorkom of hy God soek maar andersyds ontvlug hy God en die ontvlugting staan so sterk op die voorgrond dat daar van die soek van God feitlik niks gesien word nie.

(d) *Christus Pantokrator*

In die laaste plek moet Christus nie alleen verkondig word as Soter nie maar ook as Pantokrator wat op alle gebiede koning wil wees, wat 'n nuwe koninkryk bring waarin Hy alles tot die bestemming bring. Daarvan moet reeds nou 'n weerspieëling in die lewe van die gelowige gesien word, in sy hele lewe, in al die menslike verhoudinge op alle terreine van die lewe. Daar moet ook in die lewe van die gelowige geopenbaar word dat die koninkryk reeds in beginsel gekom het. Die lewe

is nie in die primitiewe wêreld opgesplits in verskillende van mekaar onafhanklike kompartemente waarin die goddelike uitgeban is nie. Die godsdiens kan nie van die kultuur, politiek en wetenskap geskei word nie. Hierdie waarheid moet 'n werklikheid in die lewe van die gelowiges wees, maar nou moet Christus in die sentrum van alles staan. Hy moet erken en bely word as Koning op alle lewensterreine. Daarvan moet daar 'n openbaring wees in en deur die volk van God.

Dit is veral nou met die revolusionêre veranderinge en sosiale ontwrigting in Afrika, waardeur 'n gans nuwe orde geskep word, 'n saak van aktuele en dringende belang dat hierop nadruk gelê moet word. Dit is ook nodig dat die Christene georganiseerd optree om hulle roeping in hierdie verband te vervul.

(e) *Die Afrika-bydrae in die Christendom*

'n Baie belangrike vraag is of die Afrika-mense ook 'n eie bydrae in die Christendom kan lewer. Dit is veral in hierdie tyd van nasionale ontwaking aktueel, omdat die Christendom deur baie as 'n blanke produk beskou word. Die nieblankes het niks van waarde nie, alles moet oorboord gegooi word. Dit is volgens baie die houding van die Christene en dit lê inherent opgesluit in die Christendom. Dit sou 'n nuwe bewys wees van die minderwaardigheid van die naturel en 'n bykomende oorsaak van frustrasie.

Die Woord van God is egter nie 'n blanke produk nie. Dit is die openbaring van God wat alle mens en volke aangaan. Dit moet ook so verkondig word, maar dit is ook die Woord van die Here vir die besondere probleme en behoeftes van die naturel, want dit is die lewende Woord van God. Daarbenewens is daar deur die algemene genade van God ook goeie dinge in die kultuur van die mense van Afrika wat, indien dit gekersten word en deur Christus in besit geneem word, 'n baie goeie doel kan dien. Daarbenewens kan die naturel wat sy godsdiens betref in verskillende opsigte 'n belangrike bydrae in die Christendom lewer. In die eerste plek daarin dat die besef dat die goddelike oral teenwoordig is, in dié sin wedergebore en deur Christus in besit geneem kan word dat die Afrika-Christen in sekere opsigte beter as ons die alomteenwoordigheid, die nabyheid van God in alles waarmee die mens te doen het, sal kan belewe. In die tweede plek

kan, waar die naturel in sy eie lewe nie die godsdiens van die lewe skei nie, die Woord van God vir hom meer as vir die deursnee blanke Christen 'n lewende werklikheid op al die lewensterreine en vir die hele lewe wees. In die derde plek kan hy, terwyl hy primêr 'n gemeenskapsmens is, as Christen in sommige opsigte die gemeenskap van die heiliges in die een gemeente van Christus beter tot uitdrukking bring as wat gewoonlik gebeur in blanke gemeentes.

Op hierdie aspekte moet nadruk gelê word en die Christene moet daarvoor geïnspireer word om 'n eie Afrika-bydrae te lewer.

H. du Plessis.

P.U. vir C.H.O.
25 Mei 1965.

DIE BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE WERKE:

J. Jahn: Muntu, London, 1961.
E. W. Smith ed.: African Ideas of God, London, 1961.
B. G. M. Sundkler: Bantu Prophets in South Africa, London, 1961.
E. Nordeck: Religion in Primitive Society, New York, 1961.
J. H. Bavinck: Religieus Besef en Christelijk Geloof, Kampen, 1949.
Religies en Wereldbeschouwingen, Groningen, 1958.
The impact of Christianity on the non-Christian world.
E. G. Parrinder: African Traditional Religion, London, 1954.
P. Tempels: Bantoe-Filosofie, Antwerpen, 1946.
J. V. Taylor: The Primal Vision, London, 1963.
Growth of the Church in Buganda, London, 1958.
V. Hayward: African Independent Church Movements, London, 1963.
C. Northcott: Christianity in Africa, London, 1963.
A. M. Thunberg: Kontinente im Aufbruch, Göttingen, 1960.
P. Abrecht: The Churches and rapid social change, New York, 1961.
E. Dammann: Die Religionen Afrikas, Stuttgart, 1963.